# PERSEPSIES VAN MISDAAD IN VOORHEEN BENADEELDE GEMEENSKAPPE: DIE THUSANO-PROJEK

**KAREN VAN DER BERG**

**2005**

**PERSEPSIES VAN MISDAAD IN VOORHEEN BENADEELDE GEMEENSKAPPE: DIE THUSANO-PROJEK**

KAREN VAN DER BERG

BA (MW)

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK)**

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(Potchefstroomkampus)

Studieleier: Prof. H. Strydom

Mede-leier: Dr. A.G. Herbst

Potchefstroom

Oktober 2005

# DANKBETUIGINGS

Alle dank word aan my Vader in die Hemel gegee vir die wysheid en krag om hierdie navorsing te kon voltooi.

My opregte dank aan almal wat op die een of ander wyse 'n bydrae gelewer het met betrekking tot die voltooiing van hierdie navorsing:

Prof. H. Strydom as my studieleier, asook my medeleier, dr. A.G. Herbst, vir hul volgehoue ondersteuning, hulp, geduld en professionele leiding.

My opregte dank aan die THUSANO-PROJEK wat my ook die geleentheid gegee het om hierdie navorsing te kon doen.

Mev. Van der Walt vir haar keurige taalversorging en vriendelike hulp.

My man, Frans van der Berg; dankie vir jou liefde, motivering en ondersteuning deur al hierdie tyd en dat jy nooit gedurende hierdie jaar tou opgegooi het met my nie. Sonder jou sou ek dit nooit kon doen nie en dankie vir al die opofferings deur die jaar met die kinders en dat jy verstaan het.

Aan my ouers, Hennie en Naomi Barnard, wat tot met hul afsterwe, altyd daar was vir my en altyd in my geglo het. Hierdie is spesiaal vir julle twee.

My kinders, Francois en Brandon en my broer Shaun, dankie vir julle liefde en dat julle my die tyd gegun het om hierdie navorsing te voltooi en nooit moedeloos met my geraak het nie.

Dank aan elke respondent wat bereid was om deel uit te maak van hierdie navorsing.

# INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING.......... v

ABSTRACT.......... vii

1. INLEIDING.......... 1

2. PROBLEEMSTELLING.......... 1

3. DOELSTELLING EN DOELWITTE.......... 4

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE.......... 5

4.1 Literatuur- of bronontleding.......... 5

4.2 Empiriese ondersoek.......... 5

4.2.1 Die Ontwerp.......... 5

4.2.2 Deelnemers.......... 5

4.2.3 Meetinstrument.......... 6

4.2.4 Prosedures.......... 7

4.2.5 Etiese aspekte.......... 7

4.2.6 Dataverwerking.......... 7

5. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE.......... 8

5.1 Geslag van deelnemers.......... 8

5.2 Ouderdom van deelnemers....8
5.3 Huwelikstatus....8
5.4 Getal kinders van deelnemer....9
5.5 Getal persone wat die huis deel waarin die deelnemer woon....10

6. ERVARING VAN MISDAAD GEDURENDE DIE AFGELOPE VYF JAAR....11

7. VRIENDE/FAMILIE WAT GEDURENDE DIE AFGELOPE VYF JAAR AAN MISDAAD BLOOTGESTEL IS....14

8. 'N TOENAME IN MISDAAD GEDURENDE DIE AFGELOPE VYF JAAR....15

9. TIPES MISDADE WAT DIE ALGEMEENSTE VOORKOM....16

10. DIE HOOFOORSAAK VAN MISDAAD....18

11. STAPPE OM MISDAADSYFER TE VERLAAG....25

12. STERKTEPERSPEKTIEF....28

13. ALGEMEEN....30

13.1 Opmerkings van deelnemers....30
13.2 Waarnemings....31

14. GEVOLGTREKKING....32

15. AANBEVELINGS....................................................................................................34

16. SAMEVATTING....................................................................................................36

17. BIBLIOGRAFIE....................................................................................................37

18. BYLAAG 1 ....................................................................................................42

# OPSOMMING

**Titel:** Persepsies van misdaad in voorheen benadeelde gemeenskappe: Die Thusano-Projek

**Sleutelterme:** Persepsies; Misdaad; Benadeelde gemeenskappe

Hierdie navorsing val binne die bestek van die Thusano-projek om gesinne te evalueer ten opsigte van verskeie aspekte waarvan hierdie navorsing spesifiek op misdaad fokus. Misdaad is dus 'n handeling wat moet plaasvind wat in stryd is met die juridiese sisteem. Die doel van die navorsing was om die persepsies van die gemeenskap ten opsigte van misdaad wat meestal voorkom te identifiseer en vas te stel hoe die voorkoms van misdaad in die bepaalde gemeenskappe verlaag kan word. Uit die navorsing is bevind dat 'n verhoging in sekere misdaadkategorieë wel voorkom, insluitend gewelddadige misdaad, vrouemishandeling en huisbraak. Die gemeenskappe meen dat swaarder strawwe tot die voorkoming van misdaad en ook tot meer werksgeleenthede sal lei. Alkoholmisbruik speel 'n groot rol in die aanrandings wat oor naweke plaasvind. Met behulp van die polisie en die gemeenskap kan misdaad afneem.

## ABSTRACT

**Title:** Perceptions on crime in previously disadvantaged communities: The Thusano Project

**Key words:** Perceptions; Crime; Disadvantaged communities

This research falls within the scope of the Thusano project to evaluate families concerning a variety of aspects of which this research specifically focuses on crime. Crime therefore is an act that must take place contradictory to the judicial system. The aim of the research is to determine the causes of the perceptions of the community with regard to crime, to identify the crimes that occurs most and to determine how crime in this community can be reduced. Through this research it was found that an increase has occurred with reference to certain crime categories, such as violent crime, women abuse and house theft. The community is of opinion that heavier punishment will lead to prevention of crime and to more job opportunities. Alcohol abuse also plays a large role in the assaults that take place during weekends. Furthermore they believe that, with the assistance of the police and the community, crime can decrease.

## VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies om aan die vereistes vir die graad M.A. (Maatskaplike Werk) te voldoen, asook aan die vereistes van die vakstydskrif vir maatskaplike werk, getiteld Social Work/ Maatskaplike Werk. Hierdie artikel maak slegs 10% uit van die totale kursuspunt. Hierdie maniskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Regulasie A.11.2.5 vir die graad MA (MAATSKAPLIKE WERK).

# VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die Tydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van die maatskaplike werk. Bydraes mag in Afrikaans of Engels geskryf word. Alle artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na die outers teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Artikels van minder as 2,000 woorde of meer as 12,000 woorde sal normaalweg nie oorweeg word vir publikasie. 'n Disket met die teks, verkieslik in MS Windows, moet twee kopiee van die manuskrip vergesel. Manuskripte moet in 12 pt "Times Roman" dubbelspasiering slegs op die een kant van 'n A4 bladsy getik word. Indien enigsins moontlik moet die manuskrip ook per e-pos versend word aan hsu@sun.ac.za. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Verwysings in die teks: Wanneer woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne sesiteer word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie, en bladsynommers tussen hakies in die teks verskyn, bv. "(Berger, 1967:12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens die vanne van die outers aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

# PERSEPSIES VAN MISDAAD IN VOORHEEN BENADEELDE GEMEENSKAPPE: DIE THUSANO-PROJEK

## 1. INLEIDING

Hierdie navorsingsprojek val binne die bestek van die THUSANO-projek. Thusano beteken om mekaar te help (Pienaar, 2005). In die Thusano-projek word navorsing deur die Vakgroep Maatskaplike werk in samewerking met die afdeling Kinderkinetika van die skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) onderneem. Vyftig gesinne is ten opsigte van verskeie aspekte geëvalueer, naamlik kinderontwikkeling, gesinsgeweld, MIV en misdaad.

In hierdie deel van die Thusano-projek is van die opnameprosedure, en spesifiek die persoonlike onderhoud, gebruik gemaak waarby die versorger van die gesin betrek is. Die deelnemers aan die projek was almal gesinne uit die volgende gemeenskappe, naamlik Batlharos, Ncweng, Maruping, Seodin, Wrenchville, Groenwater en Skeyfontein. Hierdie gemeenskappe maak deel uit van die Kuruman-distrik.

Vervolgens word in hierdie verslag aandag geskenk aan die probleemstelling, doelstelling en doelwitte en navorsingsmetodologie.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Volgens Steyn (2004: 34) is misdaad enige gedrag wat in stryd is met reëls wat deur gesagsliggaam neergelê is. 'n Handeling moet dus plaasvind wat in stryd is met die juridiese stelsel. Bezuidenhout

(2002: 137) en Zastrow (2004: 306) sluit daarby aan deur misdaad te beskryf as gedrag wat deur 'n wet verbied word en dan as kriminele dade beskou word wat strafbaar is deur middel van formele sanksies. Misdaad is van die ernstigste probleme waarmee Suid-Afrika te kampe het en sluit geweldsmisdade soos moord, poging tot moord, roof, roof met verswarende omstandighede, brandstigting, kwaadwillige saakbeskadiging, motorkapings, aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, verkragting en gesinsgeweld in.

Volgens die News24.com (Anon, 2005a) noem Chris Paul de Kock, hoof van die polisie se misdaad-informasieanalise dat die persepsies van mense oor misdaad die omvang van misdaad vererger en dat dit altyd in ag geneem moet word. In hierdie ondersoek sal bogenoemde stelling geëvalueer word om gemeenskappe se persepsies oor misdaad aan die navorsingsresultate van hierdie projek te meet.

Vervolgens word gefokus op enkele oorsake van misdaad. Sosiale probleme soos armoede en werkloosheid kan moontlik aanleiding gee tot die toenemende voorkoms van misdaad. Dit word bevestig deur gereelde mediaberigte in hierdie verband. Volgens Naudé (1989) is dit 'n bekende opvatting dat, indien armoede uitgewis word, dit misdaad kan voorkom of minstens kan laat afneem. Hierdie opvatting is geïnkorporeer in die misdaadvoorkomingsplan volgens Naude (1989) van 6 Mei 1996 wat spesifiek fokus op die uitwissing van armoede en die verbetering van die lewenstandaard van voorheen benadeeldes in 'n poging om misdaad te voorkom. Daar bestaan ook 'n korrelasie tussen misdaad en dwelms, soos gereflekteer in misdaadstatistiek vir die jaar 2004/2005 deur die Minister van Veiligheid, mnr. Charles Nqakula, vrygestel is en in die Mail&Guardian-online (Anon, 2005b) gepubliseer is. Ahoewel 'n afname van 5% tot 6% in die meeste misdaadkategorieë te bespeur is, kom 'n toename in dwelmverwante misdade voor. Miljoene Suid-Afrikaners lewe daagliks in die skrikwekkende realiteit van misdaad — spesifiek geweldsmisdade soos verkragting en onsedelike aanranding. Hier word dus ingegaan op watter misdade se voorkomsyfer die hoogste in die spesifieke omgewing is.

‘n Verdere oorsaak van misdaad wat uitgewys kan word, is geografiese ligging. Louw en Shaw (1997) wys daarop dat die meeste geweldmisdade hoofsaaklik in metropolitaanse gebiede voorkom, terwyl armoede in die landelike gebiede van Suid-Afrika tot ander misdade bydra. Hierdie potensiële oorsaak sal spesifiek in hierdie studie ondersoek word. Die THUSANO-projek word deur die Nelson Mandela Trust gefinansier en het ten doel om die oorsake en gevolge van misdaad in ‘n bepaalde goegrafiese gebied te ondersoek. Afgeleë landelike gemeenskappe in die Kuruman distrik is ter sprake en die inwoners is meestal van eie inkomste afhanklik. Daar is gefokus op 50 gesinne wat in verarmde omstandighede leef. Hulle woon in sewe (7) gemeenskappe in die genoemde distrik. Die projek word deur een maatskaplike werker, ‘n aantal familielede en veldwerkers bestuur. Klem word gelê op die gevolge van armoede op die huishouding en watter verband dit moontlik met misdaad kan hou. Die fokus van die Kinderkinetika-afdeling is om gepaste intervensieprogramme te analiseer en te ontwikkel en modelle te evalueer. Daar word gepoog om die maatskaplike funksionering en fisiese en emosionele gesondheid van kinders en hulle gesinne wat in armoedige omstandighede woon of aan gesinsdisorganisasie blootgestel is, te verbeter.

Uit die voorafgaande is die oorhoofse navorsingsvraag vir hierdie studie geformuleer, naamlik: In watter mate word hierdie gemeenskappe uit die Kurumandistrik deur misdaad geraak en wat is die inherente sterktes van die bepaalde gemeenskappe wat hulle bemagtig om misdaad te kan hanteer? Uit hierdie vraag is agt subvrae geformuleer:

a) Hoe is die gemeenskappe die afgelope vyf (5) jaar deur misdaad geraak?

b) Hoe is vriende of familie van die deelnemers die afgelope vyf (5) jaar deur misdaad geraak?

c) Beleef die ondersoekgroep dat ‘n toename in misdaad oor die afgelope vyf (5) jaar voorgekom het?

d) Watter tipe misdade kom in die gemeenskappe voor?

e) Wat is die hoofoorsake van misdaadpleging?

f) Watter stappe kan gedoen word om die misdaadsyfer te verlaag?

g) Wat is die persepsies van die deelnemers ten opsigte van misdaadpleging?

h) Wat is die inherente sterktes wat in die gemeenskappe geïdentifiseer kan word.

## 3. DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die oorhoofse doelstelling van hierdie navorsing is om deur middel van 'n strukturele analise 'n bepaalde gemeenskap se ervarings, persepsies en houdings ten opsigte van misdaad te bepaal en daaruit die inherente sterktes by die gemeenskappe vas te stel.

Ten einde die oorhoofse doel te bereik, sal agt (8) doelwitte nagestreef word:

a) om te bepaal hoe huishoudings die afgelope vyf (5) jaar deur misdaad geraak is;
b) om te bepaal hoe hul vriende of familie die afgelope vyf (5) jaar deur misdaad geraak is;
c) om die ondersoekgroep se mening te verkry daaroor of 'n toename in misdaad gedurende die afgelope vyf (5) jaar voorgekom het;
d) om die tipes misdade wat in die gemeenskap voorkom, te identifiseer;
e) om volgens die ondersoekgroep die hoofoorsake van die pleeg van misdaad in Suid-Afrika te bepaal;
f) om te bepaal watter stappe gedoen kan word om die misdaadsyfer te verlaag;
g) om die opmerkings of persepsies van die deelnemers ten opsigte van misdaadpleging te bepaal;
h) om die inherente sterktes onder die gemeenskappe in die Kuruman-distrik te bepaal.

## 4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 4.1 Literatuur- of bronontleding:

In die literatuurontleding is op die voorkoms en problematiek van misdaad in Suid-Afrika en persepsies van persone in die distrik Kuruman gefokus. Literatuur handel oor persepsies, houdings en ervarings ten opsigte van misdaad.

Databasisse benut: NEXUS, KOVSIE-DEX.

### 4.2 Empiriese ondersoek:

#### 4.2.1 Die Ontwerp

Die ondersoek berus op die kwalitatiewe navorsingsparadigma (Neuman, 2003: 440- 441). Die nadruk val op die verklarende ontwerp (Grinnell & Williams, 1990: 139-140) omdat heelwat inligting oor die onderwerp beskikbaar is en daar na verklarings vanuit hipoteses of proposisies vir die bepaalde situasie in hierdie gemeenskappe gesoek word.

#### 4.2.2 Deelnemers

Die deelnemers is almal gesinne wat reeds te Kuruman-distrik gevestig is. Die aantal gesinne is vanuit 'n waarskynlikheids seleksie steekproef, en spesifiek die doelgerigte steekproef, geselekteer. Die onderneming is deur die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) goedgekeur. Die volgende aantal gesinne is vanuit die genoemde distrik vir insluiting by die Thusano-projek geselekteer:

- Batlharos 12 gesinne.
- Neweng 4 gesinne.
- Maruping 4 gesinne.

- Seodin 13 gesinne.
- Wrenchville 5 gesinne.
- Groenwater 6 gesinne.
- Skeyfontein 6 gesinne.

Al die deelnemers is woonagtig in landelike gebiede wat gekenmerk word deur armoede en verwante omstandighede. In al die gesinne is die mansfigure afwesig vanweë die feit dat hulle in ander gebiede werk. In hierdie ondersoek is onderhoude dus slegs met die vroue in die gesin gevoer.

**4.2.3 Meetinstrument**

Data is tydens persoonlike onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule (Rubin & Babbie, 2001: 406-408) ingesamel. 'n Gestruktureerde vraelys is vir hierdie doel saamgestel en die fokus was die persepsies van deelnemers oor misdaad in hul gemeenskap. Die volgende temas is spesifiek in die vraelys onder die loep geneem:

a) Hoe is hul huishouding die afgelope vyf (5) jaar deur misdaad geraak?
b) Hoe is hul vriende of familie die afgelope vyf (5) jaar deur misdaad geraak?
c) Die ondersoekgroep se ervaring ten opsigte daarvan of 'n toename in misdaad gedurende die afgelope vyf (5) jaar voorgekom het.
d) Die identifisering van die tipes misdade wat in die gemeenskap voorkom.
e) Die hoofoorsake van misdaadpleging.
f) Stappe wat gedoen kan word om die misdaadsyfer te verlaag.
g) Die opmerkings of persepsies van die deelnemers ten opsigte van misdaadpleging.
h) Die identifisering van inherente sterktes van die gemeenskappe.

### 4.2.4 Prosedures

Die prosedures was spesifieke deelnemende waarneming (Monette *et al.*, 2005: 221-228; Strydom, 1996:123-136) en die opname aan die hand van kwalitatiewe onderhoudvoering gedoen. Hierdie prosedure is gebruik om die ondersoekgroep se gedrag, gevoelens en houdings waar te neem, en veldnotas is afgeneem wat op die omgewing en gemeenskappe gebaseer is.

Die opname is met die genoemde aantal gesinne gedoen en onderhoude is op 'n indringende kwalitatiewe wyse met die deelnemers gevoer. Die doelstelling was om data in te samel ten einde die ondersoekgroep beter te kan verstaan, en akkuraatheid, betroubaarheid en geldigheid is deurlopend nagestreef.

### 4.2.5 Etiese aspekte

Deelname van die ondersoekgroep was te alle tye vrywillig, en daar is gebruik gemaak van geskrewe, ingeligte instemmingsvorms om te verseker dat die ondersoekgroep instem om vrywillig deel te neem en dat hulle hulle te eniger tyd aan die ondersoek kon onttrek. Die prosedure is ook aan die ondersoekgroep verduidelik deur daarop te wys dat vrae aangaande misdaad aan hulle gestel sal word. Verder is verduidelik dat die vrae nie gestel word om te bepaal of hulle intelligent is of die korrekte antwoorde ken nie, maar sodat hulle vanuit hul belewing of ondervinding ten opsigte van misdaad kan praat. Daar is onderneem dat alle vraelyste anoniem en vertroulik hanteer sal word (Corey *et al.*, 1993; De Vos *et al.*, 2005: 57-67). Die Thusano studie is deur die etiese komitee van die Noordwes Universiteit goedgekeur met nommer 04M11.

### 4.2.6 Dataverwerking

Alle inligting is per hand verwerk. Die kwalitatiewe data is aan die hand van Tesch se werkswyse gekategoriseer en gegroepeer (De Vos *et al.*, 2005) ten einde die tendense met betrekking tot misdaad te kan bepaal.

## 5. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

**5.1 Geslag van deelnemers:** Al die deelnemers was vroue.

**5.2 Ouderdom van deelnemers:** Die gemiddelde ouderdom van die ondersoekgroep was 33,42 jaar.

**5.3 Huwelikstatus:**

**Tabel 1: Huwelikstatus**

| | | |
|---|---|---|
| **Getroud** | **10** | **20%** |
| **Ongetroud** | **39** | **78%** |
| **Nie geantwoord** | **1** | **2%** |
| **Totaal** | **50** | **100%** |

Uit Tabel 1 blyk dit duidelik dat 78% van die deelnemers nie getroud is nie en dat slegs 20% wel getroud is. Persone wat getroud is, bevind hulle meestal betrokke in 'n pendelsituasie waar die mans slegs oor naweke van hulle werksplekke terugkeer en beperkte tyd saam met hulle gesinne deurbring. Moolman (2000: 34) noem dat talle landelike gebiede in Suid-Afrika gekenmerk word deur vaders wat hulle huise moet verlaat om 'n bestaan in die omgewing van groot stede te voer. Dit laat duisende moeders as enkelouers agter wat kan lei tot hoërisiko-areas vir moontlike misdaadpleging.

**5.4 Getal kinders van deelnemer:**

**Tabel 2: Getal kinders**

| | |
|---|---|
| **Een (1) kind** | **16** |
| **Twee (2) kinders** | **12** |
| **Drie (3) kinders** | **10** |
| **Vier (4) kinders** | **6** |
| **Vyf (5) kinders** | **3** |
| **Ses (6) kinders** | **1** |
| **Sewe (7) kinders** | **1** |
| **Agt (8) kinders** | **1** |

Die meeste deelnemers het tussen een (1) en drie (3) kinders. Die gesinne kan dus in die algemeen as klein bestempel word.

**5.5 Getal persone wat die huis deel waarin die deelnemer woon:**

**Tabel 3: Getal inwoners per woning**

| | |
|---|---|
| **Een (1) persoon wat die huis deel** | **0** |
| **Twee (2) persone wat die huis deel** | **0** |
| **Drie (3) persone wat die huis deel** | **7** |
| **Vier (4) persone wat die huis deel** | **5** |
| **Vyf (5) persone wat die huis deel** | **11** |
| **Ses (6) persone wat die huis deel** | **11** |
| **Sewe (7) persone wat die huis deel** | **7** |
| **Agt (8) persone wat die huis deel** | **6** |
| **Tien (10) persone wat die huis deel** | **1** |
| **Twaalf (12) persone wat die huis deel** | **2** |

Die meeste van die huishoudings bestaan uit tussen drie (3) tot agt (8) persone. Hierdie huishoudings bestaan meestal uit oumas, moeders en kinders. Navorsing toon dat die meeste jeugdige oortreders uit gesinne kom waar meer as vyf (5) persone in 'n huishouding woon en meestal by die grootouers grootgeword het met die enigste bron van inkomste die grootouers se pensioen (Dissel, 1999). De la Rey, *et al.* (1997:151) meld dat kinders getraumatiseer word indien hulle nie in 'n stabiele en veilige omgewing grootword nie, 'n broer of 'n huis verloor of aan geweld in die gesin en gemeenskap blootgestel word.

Moolman (2000: 34) wys daarop dat 'n tipiese voorbeeld in Suid-Afrika dít is dat die vaders in voorheen benadeelde gebiede hulle huise moet verlaat om in die omgewing van groot stede 'n

bestaan te voer, en duisende moeders sodoende as enkelouers agtergelaat word. Genoemde situasies is dan ook hoërisiko-areas vir moontlike misdaadpleging.

## 6. ERVARING VAN MISDAAD GEDURENDE DIE AFGELOPE VYF JAAR

**Tabel 4: Tipes misdade**

| Misdaad | Ja | Persentasie/% | Nee | Persentasie/ % | Totaal | Finale Persen -tasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aanhouding | 3 | 6% | 47 | 94% | 50 | 100% |
| Gewapende roof | 2 | 4% | 48 | 96% | 50 | 100% |
| Gewelddadige aanvalle | 8 | 16% | 42 | 84% | 50 | 100% |
| Moord | 1 | 2% | 49 | 98% | 50 | 100% |
| Motorkaping | 0 | 0% | 50 | 100% | 50 | 100% |
| Huisbraak | 5 | 10% | 45 | 90% | 50 | 100% |
| Diefstal | 3 | 6% | 47 | 94% | 50 | 100% |
| Verkragting | 3 | 6% | 47 | 94% | 50 | 100% |
| Vroue-mishandeling | 6 | 12% | 44 | 88% | 50 | 100% |
| Kinder-mishandeling | 1 | 2% | 49 | 98% | 50 | 100% |
| Ander | 0 | 0% | 50 | 100% | 50 | 100% |

Dit blyk duidelik uit Tabel 4 dat gewelddadige aanvalle, vrouemishandeling en huisbraak die mees algemene misdade is waaraan die betrokke gemeenskappe blootgestel is. Die data wat hier ingesamel

is, korreleer ook met Bezuidenhout (2002:137) se stelling dat gewelddadige misdade die mees gerapporteerde misdade in die samelewing is. Die insidensie van motorkapings is die laagste vanweë die armoedige omstandighede in die gemeenskappe asook die feit dat die meeste inwoners nie oor voertuie beskik nie. Volgens Bezuidenhout (2002:123-126) en Nomoyi (2000) is 'n kultuur van geweld ter sprake in veral landelike gebiede. Geweld is 'n manier om mag te verkry. Genoemde outeurs meld verder dat armoede per se nie die oorsaak van misdaad nie, maar dat ekonomiese spanning en die individu se ervaring van sy finansiële situasie by veral mans 'n magteloosheid laat wat hulle daartoe laat neig om aggressiewe misdade soos roof en aanrandings te pleeg.

Geografiese ligging speel waarskynlik ook 'n rol in die gegewens wat in Tabel 4 weerspieël is. Volgens Dissel (1999) het die nasionale misdaadstatistiek van 1994 tot 1996 getoon dat Gauteng die hoogste misdaadsyfer het, gevolg deur Noord-Kaap en Wes-Kaap. Sommige van die gemeenskappe wat in hierdie studie ingesluit is, maak deel uit van die Noord-Kaap. Volgens Bezuidenhout (2002:121-137) toon die Noord-Kaap die tweede hoogste insidensie van verkragting in Suid-Afrika en bevestig dat gewelddadige misdade geneig is om die mees gerapporteerd in die samelewing te wees.

Dit is ook belangrik om uit te wys dat vroue en mans se persepsies rakende misdaad verskil Departement van Justisie, Australië (Anon, 2002b). Vroue loop 'n hoër risiko om slagoffers te word van gesinsgeweld, seksuele geweld, seksuele mishandeling en seksuele teistering, en ongeveer 80 persent van die geweld teen vroue word nie aangemeld nie. Vroue se persepsies van misdaad het 'n beduidende impak op hulle welsyn en vlak van selfvertroue, wat hulle veiligheid in die gemeenskap en selfs by die huis beïnvloed.

Die data, soos getoon in Tabel 4, korreleer ook met statistiek van State of South West — Crime Tables (Anon, 2003d), wat aantoon dat diefstal en die hantering/besit van gesteelde eiendom die meeste voorkom, met huisbraak en aggressiewe misdade kort op die hakke daarvan.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat misdaadsyfers slegs die syfers toon van misdade wat aangemeld is en nie noodwendig die totale prentjie rakende misdaad weerspieël nie (Leggett, 2002).

Dit gaan hier ook oor die kultuur van geweld. Dit is 'n manier om mag te verkry en sodoende dan angs in 'n spesifieke area te bewerkstellig. Leggett bevestig ook dat dit nie armoede per se is wat die oorsaak van misdaadpleging is nie, maar die wyse waarop die mense hul finansiële situasie ervaar. Verder wys sy ook dat ekonomiese spanning tot gewelddadige misdade bydra as ekonomies ontneemde mans daartoe neig om ander tipes misdade te pleeg, byvoorbeeld aggressiewe misdade soos roof, ernstige aanranding en motorkaping.

'n Verslag, NEWS 24.com (Anon, 2003b), toon dat, provinsiaal-gewys, die meeste verkragtings in Gauteng plaasvind, gevolg deur KwaZulu-Natal en dan die Wes-Kaap. In 2002/03 het verkragting die laagste syfer bereik sedert 1994/95.

## 7. VRIENDE/FAMILIE WAT GEDURENDE DIE AFGELOPE VYF JAAR AAN MISDAAD BLOOTGESTEL IS

**Tabel 5: Vriende/familie en blootstelling aan misdaad**

| Misdaad | Ja | Persentasie/% | Nee | Persentasie/ % | Totaal | Finale Persen-tasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aanhouding | 33 | 66% | 17 | 34% | 50 | 100% |
| Gewapende Roof | 28 | 56% | 22 | 44% | 50 | 100% |
| Gewelddadige aanvalle | 34 | 68% | 16 | 32% | 50 | 100% |
| Moord | 22 | 44% | 28 | 32% | 50 | 100% |
| Motorkaping | 7 | 14% | 43 | 86% | 50 | 100% |
| Huisbraak | 31 | 62% | 19 | 38% | 50 | 100% |
| Diefstal | 33 | 66% | 17 | 34% | 50 | 100% |
| Verkragting | 32 | 64% | 18 | 36% | 50 | 100% |
| Vroue-mishandeling | 34 | 68% | 16 | 32% | 50 | 100% |
| Kinder-mishandeling | 25 | 50% | 25 | 50% | 50 | 100% |
| Ander | | | | | | |

Benewens eie ervaring van misdaad, is deelnemers aan die ondersoek ook deeglik bewus van misdaad wat teenoor vriende en/of familie gepleeg is. Gewelddadige aanvalle en vrouemishandeling staan weer eens uit met, kort op die hakke daarvan, aanhouding, diefstal, verkragting en huisbraak. Uit Tabel 5 kan dus afgelei word dat deelnemers wel deeglik bewus is van misdaad wat teenoor vriende en/of familie gepleeg is.

Volgens (Anon, 2003c) kom 'n probleem egter voor met betrekking tot die misdaadsyfers wat gerapporteer is. So beweer die Institute for Security Studies (ISS)-verslag. Volgens hulle word slegs die aangemelde syfers van misdaad opgeteken. Hier kan die vlakke van aanmelding varieer ooreenkomstig die vertroue wat die betrokke gemeenskappe of populasie in die polisie het en hulle bereidwilligheid om misdaad aan die polisie te rapporteer.

## 8. 'N TOENAME IN MISDAAD GEDURENDE DIE AFGELOPE VYF (5) JAAR

**Tabel 6: Toename in misdaad oor die afgelope vyf (5) jaar**

| | | |
|---|---|---|
| **Definitief Ja** | **33** | **66%** |
| **Ja** | **8** | **16%** |
| **Onseker** | **1** | **2%** |
| **Nee** | **2** | **4%** |
| **Definitief Nee** | **6** | **12%** |
| **Totaal** | **50** | **100%** |

Alhoewel studies van SAPS Gemeenskapspolisiëring (Anon, 2002a) aandui dat misdaad begin afneem as gevolg van polisiebetrokkenheid, blyk dit uit die inligting in Tabel 6 dat die deelnemers aan hierdie studie oor die afgelope vyf (5) jaar 'n oorweldigende toename in misdaad beleef het. Indien "definitief ja" en "ja" bymekaar getel word, kan afgelei word dat 82% van die deelnemers 'n toename in misdaad oor die afgelope vyf (5) jaar beleef het.

Daar moet weer eens gewys word op die onbetroubaarheid van misdaadstatistiek (Anon, 2003c) en die feit dat slegs aangemelde misdade in misdaadstatistiek daarin weerspieël word. Die vlakke van

aanmelding verskil as gevolg van die vertroue wat die betrokke gemeenskappe of populasie in die polisie het en hulle bereidwilligheid om misdaad aan die polisie te rapporteer.

## 9. TIPES MISDADE WAT DIE ALGEMEENSTE VOORKOM

**Tabel 7: Misdade wat die meeste voorkom**

| | |
|---|---|
| **Diefstal** | **11** |
| **Aanranding** | **6** |
| **Verkragting** | **4** |
| **Huisbraak** | **4** |
| **Moord** | **2** |

Tabel 7 bevestig dat die soorte misdade wat die meeste in die betrokke gemeenskappe voorkom, diefstal, aanranding, verkragting en huisbraak insluit. Diefstal kan moontlik plaasvind as gevolg van armoede in gemeenskappe en dikwels is dit nie inwoners van die spesifieke gemeenskappe wat by diefstal betrokke is nie, maar misdadigers wat van buite die gemeenskap inbeweeg en kom steel. Met betrekking tot huisbraak moet in ag geneem word dat die meerderheid gesinne sonder 'n mansfiguur funksioneer en dat hulle derhalwe 'n sagte teiken is vir misdaadpleging. Ernstige alkoholmisbruik oor naweke lei tot die meeste voorvalle van aanrandings en verkragtings en het tot gevolg dat vroue nie veilig voel in hulle gemeenskappe nie. Dit word verder bevestig in 'n verslag van The Department of Justice, Women and Crime (Anon, 2002b) en Zastrow (2004:322) dat vroue 'n uitsonderlik hoërisiko loop om slagoffers van gesinsgeweld, seksuele aanrandings en seksuele teistering te wees en dat alkohol en dwelmmiddels dikwels 'n rol speel in die pleeg van hierdie misdade. Vroue toon ook sterker vrees vir misdaad as mans.

Die gegewens wat in Tabel 7 weergegee is, stem in 'n groot mate ooreen met statistiek soos deur

Crime Statistics: Crime Information Analysis Centre - SAPS, (Anon, 2005d) weergegee, wat dui op die toename of afname in sekere misdaadkategorieë in Suid-Afrika. Van hierdie statistiek sluit in:

- Moord: het tussen 2001/2002 en 2004/2005 afgeneem (21 405 na 18 793).
- Aanranding: het tussen 2001/2002 en 2004/2005 toegeneem (261 886 tot 267 857) .
- Aanranding met die opset om ernstig te beseer: het tussen 2001/2002 en 2004/2005 afgeneem (264 012 na 249 369).
- Verkragting: het tussen 2001/2004 en 2004/2005 toegeneem (54 293 tot 55 114).
- Huisbraak: het tussen 2001/2002 en 2004/2005 afgeneem (302 657 na 276 164).
- Diefstal: het tussen 2001/2002 en 2004/2005 afgeneem hetsy winkeldiefstal of ekonomiese misdade (576 676 na 536 281).

Volgens (Leggett, 2004) was die gerapporteerde syfers vir roof redelik hoog in die Noord-Kaap teenoor dié van die Wes-Kaap waar dit redelik laag was. Uit die verslae van 2002/2003 blyk dit dat aggressiewe misdade die hoogste in die Noord-Kaap was. Die Wes-Kaap het by verre weer die hoogste insidensie van moord. Die Noord-Kaap word herhaaldelik beskryf as 'n hoërisiko-gebied vir gewelddadige misdade met gerapporteerde misdade soos poging tot moord, aanranding met die opset om ernstig te beseer, verkragting en kindermolestering. Die voorkoms van aanrandings in die Noord-Kaap is meer as dubbel soveel as dié in ander provinsies. Ander tipes misdade sluit in winkeldiefstal, veediefstal en brandstigting. Volgens (Naudé, 1997) is arm mense meer geneig om geweldmisdade soos moord, verkragting, aanranding en verswarende roof te pleeg. Daar word spesifiek na Kimberley in die Noord-Kaap verwys waar 52,6% van alle ernstige aanrandings in die provinsie gedurende 1996 voorgekom het en by die Galeshewe Hospitaal hanteer is. Die meeste van die hierdie slagoffers was onder die invloed van alkohol (Louw & Shaw, 1997:35).

Die kwessie van armoede hou ook weereens verband met die tipes misdade. Bezuidenhout (2002:163) beklemtoon dat armoede 'n oorsaak is van kriminele aktiwiteite soos winkeldiefstal en huisbraak om finansiële betekenis te verkry terwyl hulle poog om 'n lewe op minimum standaarde

te voer. Bezuidenhout (2002:141) wys ook uit dat, bo en behalwe armoede, bende-aktiwiteite en hoë populasiedigtheid ook bydra tot 'n hoë misdaadvoorkoms. 'n Ander vorm van misdaad wat ook algemeen in provinsies soos die Noord-Kaap, Vrystaat, Oos-Kaap en Mpumalanga voorkom, is veediefstal. Sosio-ekonomiese omstandighede dra dus beslis by tot die pleeg van misdaad.

Raubenheimer en De lange (2005) bevestig dat Suid-Afrika internasionaal sleg vergelyk as dit kom by geweldmisdaad, maar dat die voorkoms van onder meer huisbraak en voertuigdiefstal laer is as in lande soos Australië, Nieu Seeland en Kanada.

Die afleiding kan dus gemaak word dat armoede, alkoholmisbruik en geografiese ligging 'n aanduiding kan wees van die tipes misdaad wat gepleeg word.

## 10. DIE HOOFOORSAKE VAN MISDAAD

**Tabel 8: Hoofoorsake van misdaad**

| Opinie van deelnemers | Ja | % | Onseker | % | Nee | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Armoede is die hoofoorsaak van misdaad | 48 | 96% | 0 | 0% | 2 | 4% |
| Mense word as kriminele gebore | 3 | 6% | 0 | 0% | 47 | 94% |
| Baie geleenthede is beskikbaar vir die pleeg van misdaad | 29 | 58% | 1 | 2% | 20 | 40% |
| Mense pleeg misdaad omdat hulle verveeld is | 33 | 66% | 1 | 2% | 16 | 32% |
| Mense pleeg misdaad omdat hulle werkloos is | 45 | 90% | 0 | 0% | 5 | 10% |
| Mense pleeg misdaad omdat hulle nie 'n uitsig op die toekoms het nie | 39 | 78% | 3 | 6% | 8 | 16% |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Mense pleeg misdaad bloot omdat hulle ander wil seermaak** | **39** | **78%** | **3** | **6%** | **8** | **16%** |
| **Alle tipe misdade moet as eendeers beskou word** | **21** | **42%** | **0** | **0%** | **29** | **58%** |
| **As jy nie gevang word nie, is jy nie 'n krimineel nie** | **11** | **22%** | **0** | **0%** | **39** | **78%** |
| **Mense pleeg misdaad om te kyk of hulle daarmee kan wegkom** | **37** | **74%** | **1** | **2%** | **12** | **24%** |
| **Sekere mense sal, en ander nie, van ander steel; dit maak nie saak wat hul omstandighede is nie** | **38** | **76%** | **1** | **2%** | **11** | **22%** |
| **Sekere mense steel net om in die gevangenis te beland** | **42** | **84%** | **1** | **2%** | **7** | **14%** |
| **Sekere mense steel om aandag te kry** | **43** | **86%** | **1** | **2%** | **6** | **12%** |
| **Kriminele is te lui om te werk** | **46** | **92%** | **0** | **0%** | **4** | **8%** |
| **Dit is makliker om misdaad te pleeg as om vir 'n verdienste te werk** | **44** | **88%** | **0** | **0%** | **6** | **12%** |

Ten einde die data in Tabel 8 verder toe te lig, sal elkeen van hierdie stellings vervolgens bespreek word.

10.1 Armoede is die hoofoorsaak van misdaad

Volgens 96% van die deelnemers is armoede die hoofoorsaak van misdaadpleging. Dit stem ooreen met die uitgangspunt van Pick & Pay (Anon, 2003c) wat aandui dat misdaad oorwegend veroorsaak word deur armoede en verlies en dat MIV ook 'n rol speel in aggressiewe oorlewingsmisdade.

10.2 Mense word as kriminele gebore

Slegs 6% van die deelnemers was van mening dat mense as kriminele gebore word. Hierdie siening word nie werklik deur die literatuur ondersteun nie.

10.3 Baie geleenthede is beskikbaar vir die pleeg van misdaad

Die meeste deelnemers (58%) was van mening dat daar baie geleenthede is vir misdaadpleging. Moolman (2000:35) noem dat 'n "gebreekte-venster-simptoom" daarop dui dat 'n gemeenskap buite beheer geraak het en dit kan sekere ernstige misdade in die hand werk.

10.4 Mense pleeg misdaad omdat hulle verveeld is

'n Groot meerderheid deelnemers (66%) het aangedui dat misdade voortspruit uit verveling. Verveling kan waarskynlik verder voortspruit uit aspekte soos armoede en werkloosheid, soos in 10.1 en 10.5 bespreek.

10.5 Mense pleeg misdaad omdat hulle werkloos is

Bykans al die deelnemers (90%) het aangedui dat werkloosheid aanleiding gee tot misdaadpleging. Werkloosheid, armoede en verveling is interverweef en lei dikwels tot misdaadpleging (Dissel, 1999).

10.6 Mense pleeg misdaad omdat hulle nie 'n perspektief op die toekoms het nie

Uit Tabel 8 kom dit na vore dat 78% deelnemers sterk voel oor die feit dat mense misdaad pleeg omdat hulle nie 'n uitsig op die toekoms het nie. Pick & Pay (Anon, 2003c) wys hieroor uit dat

misdaad dikwels gepleeg word om verantwoordelikheid te ontduik en dat persone vanweë dwelms en/of alkohol beheer oor hulle gedrag het nie. Zastrow (2004: 325) sluit hierby aan deur daarop te wys dat misdadige gedrag gesanksioneer word indien daar nie toepaslike strawwe en optrede teen misdaad toegepas word nie.

10.7 Mense pleeg misdaad bloot om ander seer te maak

'n Besonder groot aantal deelnemers (78%) huldig die mening dat misdadidigers ander bloot wil seer maak. Bezuidenhout (2002: 139) bevestig dat aanvalle op persone in en om hulle eiendom plaasvind en dat gierigheid, wraakaanvalle en bendebedrywighede moontlik as oorsaaklike faktore hiervan uitgewys kan word.

10.8 Alle tipes misdade moet as ewe ernstig beskou word

Twee en veertig (42) persent van die deelnemers was van mening dat alle tipes misdade as ewe ernstig beskou moet word teenoor 58% deelnemers wat misdade binne bepaalde kategorieë evalueer. Zastrow (2004:322) noem dat oortreders van openbare orde, byvoorbeeld verkeersoortredings, hulle nie as kriminele beskou nie, aangesien hierdie tipe misdade as minder ernstig deur sekere segmente van die die populasie beskou word.

10.9 As jy nie gevang word nie, is jy nie 'n krimineel nie

Twee en twintig (22) persent van die deelnemers is van mening dat 'n persoon nie 'n krimineel is as hy/sy nie gevang word nie. Die meerderheid (78%) het egter nie met hierdie stelling saamgestem nie.

10.10 Mense pleeg misdaad om te kyk of hulle daarmee kan wegkom

In Tabel 8 dui 74% van die deelnemers aan dat hulle saamstem met die siening dat mense misdaad pleeg om te kyk of hulle daarmee kan wegkom. Navorsing deur Pick & Pay (Anon, 2003c) het bevind dat sekere persone misdaad pleeg bloot vir die plesier daarvan. Sekere persone pleeg ook misdaad omdat hulle dit geniet om hulle bloot te stel aan die risiko om gevang te word, of omdat hulle deur hul vriende uitgedaag word om misdaad te pleeg. Zastrow (2004:323) sluit hierby aan deur te noem dat die suksesvolste ootreders op hulle professionaliteit roem en diefstal beplan asof dit besigheid is. Bedrog, afpersing van ander misdadigers en georganiseerde winkeldiefstal word beskou as aktiwteite om bedrewenheid te bewys en hul eiewaarde en aansien te verhoog.

10.11 Sekere mense sal, en ander nie, van ander steel; dit maak nie saak wat hul omstandighede is nie

Dit blyk dat 76% van die deelnemers die mening huldig dat sekere mense sal, en ander weer nooit van ander sal steel nie, maak nie saak wat hul omstandighede is nie. Alhoewel van Tabel 8 afgelei kan word dat armoede 'n rol in misdaadpleging speel, toon navorsing deur Pick & Pay (Anon, 2003c) dat, alhoewel persone in armoedige omstandighede woon, nie almal hulle tot misdaad sal wend nie. Naudé (1997) wys daarop dat dit onbillik is om te beweer dat armoede ongetwyfeld aanleiding gee tot misdaad. Die meeste arm mense voer 'n eerbare bestaan en daar is arm mense wat eerder bereid is om te sterf as om ter wille van oorlewing te steel.

10.12 Sekere mense steel net om in die gevangenis te beland

Uit Tabel 8 blyk dit dat 84% deelnemers van mening is dat sekere mense net steel om in die gevangenis te beland. Daar is dus 'n persepsie dat dit lekker is in die gevangenis en dat dit soos 'n

hotel is. Zastrow (2004: 327) noem dat die doel van die gevangenis die rehabilitasie van oortreders is, maar dat die gevangenis daarvan beskuldig word dat dit 'n skool vir kriminele is.

10.13 Sekere mense steel om aandag te kry

Ses en tagtig (86) persent van die deelnemers is van mening dat sekere mense steel om aandag te kry. Weer eens kan verwys word na Pick & Pay (Anon, 2003c) se bevinding dat mag een van die aanleidende faktore is in die pleeg van misdaad. Die motivering kan finansiële, persoonlike of politieke mag insluit. Bendes word ook dikwels leiers in gemeenskappe en die soeke na mag speel ook 'n rol in seksuele teistering, verkragting en gesinsgeweld.

10.14 Kriminele is te lui om te werk

Twee en negentig (92) persent van die deelnemers was daarvan oortuig dat kriminele te lui is om te werk. Dit blyk dus volgens die deelnemers dat dit 'n makliker manier is om geld te bekom of 'n inkomste te verdien. Volgens Dissel (1999) is bevind dat een van die motiverings van jeugdiges om misdaad te pleeg juis eie materiële gewin is.

10.15 Dit is makliker om misdaad te pleeg as om vir 'n verdienste te werk

In Tabel 8 is aangetoon dat 88% van die deelnemers van mening is dat dit vir sekere oortreders makliker is om misdaad te pleeg as om vir 'n verdienste te werk. Daar is wel persone wat 'n bestaan maak deur misdaad te pleeg, en dit word ook deur Pick & Pay (Anon, 2003c) bevestig. Volgens Dissel (1999) is dit veral jeugdiges wat 'n bestaan maak uit winkeldiefstal. Hierdie jeugdiges is so grootgemaak en hulle leefwyse is dikwels deur hulle moeders gesanksioneer. Studies deur laasgenoemde outeur het aan die lig gebring dat oortreders wat in aanhouding is, in die gevangenis reeds weer begin beplan aan toekomstige misdade soos motordiefstal, deur middel waarvan hulle

binne 'n kort tyd groot hoeveelhede geld kan bekom. Vir hierdie groep is misdaadpleging 'n leefwyse.

Samevattend blyk uit Tabel 8 dat die deelnemers armoede en werkloosheid beskou as van die hoofoorsake van misdaad. Verder lyk dit asof deelnemers die persepsie het dat sekere mense steel omdat hulle te lui is om te werk of omdat hulle hul uitsig op die toekoms verloor het en misdaad pleeg bloot om ander seer te maak. Voorts het deelnemers aangedui dat sommige oortreders bloot misdaad pleeg om in die gevangenis te beland, aangesien sommige oortreders wat hulle ken die gevangenis as 'n tipe hotel beskryf waar hulle baie regte het en alles kry wat hulle wil hê. Die persepsie bestaan verder dat dit makliker is om 'n misdadige lewe te voer en dat kriminele dus eerder van ander steel. Baie min van die deelnemers glo dat mense as kriminele gebore word en daar word geredeneer dat as jy nie gevang word nie, jy nie 'n krimineel is nie. Die genoemde persepsies is almal besonder interessant rakende die hoofoorsake van misdaad. Die deelnemers onderskei ook nie tussen die grade van erns van die tipes misdade nie.

Talle van die voorgenoemde persepsies word in navorsing wat deur Pick & Pay (Anon, 2003c) gedoen is, bevestig. Hulle het die oorsake van misdaadpleging in ses kategorieë ingedeel. Hierdie kategorieë sluit in:

1 Behoefte
2 Gierigheid
3 Mag
4 Ontduiking van verantwoordelikheid
5 Ideologie
6 Misdaadpleging bloot vir die plesier daarvan

Dit blyk dat jeugdiges in die ouderdomsgroep 15-24 jaar veral tot misdaad geneig is omdat hulle uitdagings soek en onmiddellike behoeftebevrediging nastreef (Nomoyi, 2000). Ander faktore wat

by misdaadpleging 'n rol kan speel, is alkohol- en dwelmmisbruik, gesinsdisorganisasie, psigiese steurnisse, emosionele stres, gebrekkige opleiding, asossiasie met misdadigers en residivisme.

## 11. STAPPE OM MISDAADSYFER TE VERLAAG

**Tabel 9: Die vermindering van misdaad**

| | JA | % | Onseker | % | NEE | % | Totaal | Finale Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Laat hulle terug betaal** | 21 | 42% | 2 | 4% | 27 | 54% | 50 | 100% |
| **Stuur hulle na die gevangenis** | 42 | 84% | 2 | 4% | 6 | 12% | 50 | 100% |
| **Doodstraf** | 29 | 58% | 0 | 0% | 21 | 42% | 50 | 100% |
| **Werkverskaffing** | 37 | 74% | 6 | 12% | 7 | 14% | 50 | 100% |
| **Lyfstraf** | 27 | 54% | 2 | 4% | 21 | 42% | 50 | 100% |
| **Ander** | 2 | 4% | 0 | 0% | 48 | 96% | 50 | 100% |

In Tabel 9 word die deelnemers se voorstelle om misdaadsyfers te verlaag weergegee. Die oorgrote meerderheid deelnemers (84%) is van mening dat gevangenisstraf die beste afskrikmiddel vir misdadigers is en dat die gemeenskap beskerm word indien misdadigers uit die gemeenskap verwyder word. Werkverskaffing is deur 74% van die deelnemers beklemtoon as teenvoeter vir misdaad, aangesien mense dan minder tyd tot hulle beskikking sal hê om misdaad te pleeg. Meer as die helfte van die deelnemers (58%) het die herinstelling van die doodstraf as strategie in misdaadbekamping voorgestel. Slegs 42% van die deelnemers was van mening dat oortreders slagoffers moet vergoed vir gesteelde goedere, aangesien dit mense op 'n manier van skuld vryskeld.

Elke persepsie wat in Tabel 9 weerspieël is, sal vervolgens afsonderlik breedvoerig bespreek word.

11.1 Laat hulle terug betaal

Slegs 42% van die deelnemers het gemeen dat die oortreder die slagoffer moet vergoed. Zastrow (2004: 330) bevestig dat boete-oplegging die algemeenste benadering is tot die straf van oortreders. Meer as 75% van alle bestraffings behels 'n boete en beperk sodoende die staat se uitgawes ten opsigte van gevangenisbesetting. Die oortreder moet dus sy skuld aan die slagoffer betaal in ooreenstemming met die verliese van die slagoffer. Hierdie tipe vonnis is meer rehabilitasie georiënteerd.

11.2 Stuur hulle na die gevangenis

Vier-en-tagtig persent van die deelnemers was van mening dat oortreders na die gevangenis gestuur moet word en 12% het daarteen gestem. Volgens Dissel (1999) is dit egter onwaarskynlik dat, veral jeugdiges, in 'n kort tydperk in die gevangenis kriminele tendense sal afsweer. Volgens The Key Crime & Justice Facts at a Glance (Anon, 2005e) word twee derdes van alle oortreders tot gevangenisstraf gevonnis. Hierdie tipe vonnisse het egter daartoe gelei dat meer as die helfte van die gevangenisbevolking sedert 1995 bestaan uit gevangenes wat aggressiewe oortredings begaan het. Zastrow (2004: 334) beklemtoon die kontrasterende persepsies rakende gevangenisstraf wat enersyds rehabilitasie ten doel het en andersyds ongemak by die oortreder moet skep deur harde werk en die ontneming van vryheid.

11.3 Doodstraf

Agt en vyftig (58) persent van die deelnemers het die herinstel van die doodstraf bepleit. Hammond (2003) voer aan dat, sedert die afskaffing van die doodstraf in 1989, 'n skerp toename in gewelddadige misdade soos moord in Suid-Afrika voorgekom het. Zastrow (2004: 331) is ook van mening dat sekere misdade so gewelddadig soos moord optimale straf (die doodstraf) vereis. Dit is

ekonomies ook voordeliger as om 'n oortreder lewenslank in 'n gevangenis aan te hou. Teenargumente is dat elke mens die reg op lewe het, dat die doodstraf onmenslik is, en dat, as die oortreder later onskuldig bevind sou word, hierdie vonnisopsie nie omgekeer sou kon word nie. In The Polling report (Anon, 2005c) is bepaal dat nagenoeg 65% respondente ten gunste van die herinstel van die doodstraf gestem het.

11.4 Werkverskaffing

'n Groot aantal deelnemers (74%) was van mening dat werkverskaffing tot die bekamping van misdaad sal bydra. Hierdie aspek is reeds volledig in afdeling 10.5 bespreek.

11.5 Lyfstraf

Vier en vyftig (54) persent van die deelnemers het aangetoon dat hulle meen dat lyfstraf as vonnisopsie heringestel moet word. Hier word spesifiek verwys na die straf van die jeugdige oortreder. Zastrow (2004: 330) noem dat die meeste gemeenskappe op die een of ander tydstip van lyfstraf as vonnisopsie gebruik gemaak het.

11.6 Ander

Vier (4) persent van die deelnemers was van mening dat voorgenoemde vonnisopsies nie die oplossing vir misdaadvoorkoming bied nie, en het armoedebekamping bepleit. Volgens Naudé (1997) is die populêre siening dít dat, indien armoede uitgewis sou kon word, dit misdaad sou voorkom of minstens sou laat afneem. Veral Kriminoloë in Afrika is sterk voorstanders van hierdie benadering. Hierdie siening is ook geboekstaaf in die misdaadvoorkomingsplan wat volgens Naude (1989) op 6 Mei 1996 bekendgestel is waarin van die veronderstelling uitgegaan word dat die

uitwissing van armoede en 'n verhoging in die lewenstandaard van voorheen benadeelde gemeenskappe 'n beduidende afname in misdaad sal meebring.

Samevattend kan verwys word na Pick 'n Pay (Anon, 2003c) se standpunt dat dit elke lid van die samelewing se verantwoordelikheid is om standpunt in te neem teen misdaad, aangesien dit elke lid van die samelewing direk of indirek raak. Maroga (2004) sluit hierby aan deur sektorpolisiëring en die samewerking van die gemeenskap te beklemtoon met betrekking tot die identifisering en hantering van misdaad as probleemverskynsel. Nomoyi (2000) verwys na die apartheidsbedeling wat daartoe gelei het dat daar tans met groot empatie na oortreders as slagoffers, eerder as kriminele, gekyk word. Uiteenlopende persepsies en selfs wanpersepsies rakende watter strategieë aangewend moet word om misdaad te voorkom en te bekamp kom dus voor.

Die navorsingsresultate in hierdie studie ten opsigte van die voorkoms van misdaad in die betrokke gemeenskappe blyk duidelik laer te wees as in die res van die omgewing. Dit blyk dus dat sekere sterktes aanleiding daartoe gee dat die misdaadsyfer hier laer is. Die gemeenskap in die geheel en so ook die families is baie sterk ondersteuningsisteme vir mekaar en so ook die feit dat die polisie by die gemeenskappe betrokke is met betrekking tot die voorkoming van misdaad. Die feit dat die gemeenskappe so armoedig is, lei ook daartoe dat dit 'n sterkte is wat daartoe meewerk dat misdaad afneem. Bogenoemde gee dus aanleiding daartoe dat die sterkteperspektief vervolgens aan die orde kom.

## 12. STERKTEPERSPEKTIEF

Na vele bespiegelinge oor die lae voorkoms van misdaad in hierdie betrokke gemeenskappe kom ondersoekers tot die gevolgtrekking dat ander aspekte in hierdie gemeenskappe aangetref word wat meebring dat die voorkoms van misdaad relatief laag is. Ondersoekers kom tot die gevolgtrekking dat hier moontlik individuele, groep- en gemeenskapsterktes teenwoordig is wat direk in verband

gebring kan word met die relatief lae voorkoms van misdaad in hierdie gemeenskappe.

Die moontlike teenwoordigheid van patrone, kenmerke en spesifieke uitdagende omstandighede en die reaksie van gemeenskapslede daarop, speel hier beslis 'n rol. Hierdie gemeenskappe beskik beslis oor sekere bates, potensiaal, aanpassings- en oorlewingstrategieë wat hulle in staat stel om te kan oorleef en hulle te beskerm teen hierdie uitdagings ten spyte van swak sosio-ekonomiese omstandighede (Ryke, 2004:6). Die sterkteperspektief gaan ook van die standpunt uit dat die gemeenskap waarin mense leef ten goede verander kan word met behulp van spesifieke bydraes en talente van individuele lede van die betrokke gemeenskap wat gesamentlike pogings in belang van die totale gemeenskap aanwend.

Sodoende kan alle individuele lede van 'n gemeenskap aangespoor word om hul bydrae, hoe beperk dit ookal mag wees, te lewer tot die volle ontplooiing en groei van die gemeenskap. Op hierdie wyse kan die lewensgehalte en toekomsperspektief van alle lede van die gemeenskap verhoog word en kan die gemeenskap hulle uit hul swak omstandighede ophef (Ryke, 2004:18; Saleebey, 2002:1-7).

Geyer (2003) bevestig dat die sterkteperspektief ten doel het om kliënte se sterktes en vermoëns te laat groei, te verander en te ontwikkel. Met die regte fasilitering vanuit 'n sterkteperspektief kan die prognose verbeter. Hier gaan dit oor 'n benadering waardeur weg beweeg word van die probleemgesentreerde benadering. Die sterkteperspektief ontken nie dat mense probleme ondervind nie, maar is van mening dat hulle oor die potensiaal, sterktes en talente beskik om uitdagings die hoof te bied, ongeag die omstandighede.

Hierdie gemeenskap neem die polisie tog waar as 'n sterkte wat hulle kan benut. Hierdie betrokke gemeenskappe het erken dat die polisie by hul gemeenskappe betrokke is net betrekking tot die bekamping van misdaad deur te reageer op klagtes van misdaadpleging en deur gereelde patrollies te ry waar dit moontlik is. Die samelewing beleef die polisie dus ook positief, en omgekeerd.

Volgens Raubenheimer en De Lange (2005) het onder meer verbeterde polisie-opleiding en groter samewerking van die publiek die polisie in hul stryd teen misdaad gehelp. Dit is dus duidelik 'n sterkte wat positief in die gemeenskap benut kan word.

Die geïdentifiseerde sterktes van die navorsingsgemeenskappe sluit in:

- Onderlinge ondersteuning;
- die polisie is by die gemeenskap betrokke met betrekking tot misdaadvoorkoming;
- die gemeenskappe besef dat misdaadpleging verkeerd is en dat persone vir hul dade gestraf moet word ;
- die jonger lede in gemeenskap is duidelik bewus van die misdadige gedrag en is nie bang om hul menings oor misdaad te lug nie;
- die misdaadsyfer is hiér laer as in ander gemeenskappe.

## 13. ALGEMEEN

### 13.1 OPMERKINGS VAN DEELNEMERS

Die volgende is 'n opsomming wat uit opmerkings wat deur van die deelnemers gemaak is, saamgestel is:

- Sommige deelnemers ervaar dat misdaad nie stopgesit kan word nie.
- Daar is aangedui dat drankmisbruik vrouemishandeling tot gevolg het, en dat sommige deelnemers die gevangenis as 'n hotel vir oortreders beskou waar hulle alles kry wat hulle wil hê.
- Verskeie deelnemers voel baie sterk oor die feit dat die doodstraf heringestel moet word as vonnis opsie en dat gevangenisstraf nie werklik sy doel dien as 'n afskrikmiddel nie.

- Die vroue veral, voel saans nie veilig en ervaar dat verkragting, vrouemishandeling en misdaadpleging in die algemeen toeneem.

- Sommige deelnemers wil geensins by die gemeenskap en die gebeure rakende misdaadpleging betrokkeraak nie.

- Die polisie probeer om misdaad te bekamp, maar dis moeilik om mense van hul misdadige neigings te genees. Sektorpolisiëring en die samewerking van die gemeenskap is dus baie belangrik.

- Kinders pleeg misdaad omdat hulle sien dat volwassenes dit doen.

- Ouers beskerm die kinders, hulle wil nie erken hulle kinders is kriminele nie.

- Aanrandings spruit dikwels voort nuit van drankmisbruik en dwelms.

- Werkloosheid lei dikwels tot misdaadpleging

- Gevangenisstraf, eerder as die vergoeding van slagoffers word as vonnisopsie voorgestaan.

- Mense moet gestraf word sodat hulle nie weer misdaad pleeg nie.

Uit hierdie opmerkings kon bepaalde tendense geïdentifiseer word. Dit blyk dat die mishandeling van vroue 'n algemene probleem is, veral wanneer die mans alkohol misbruik. Veiligheid op straat, veral saans, kan nie verseker word nie en die herinstel van die doodstraf as vonnisopsie word deur verskeie deelnemers as toepaslike straf en vonnisopsie voorgehou. Werkverskaffing word beskou as effektiewe teenvoeter vir misdaad.

## 13.2 WAARNEMINGS

Sommige deelnemers voel baie sterk daaroor dat die doodstraf heringestel moet word. Ander deelnemers toon goeie insig in die oorsake en gevolge van misdaad en erken 'n onbetrokkenheid by misdaadvoorkoming. Verder heers die siening ook dat die polisie baie betrokke is by die bepaalde gemeenskap en dat die misdaadsyfer dus laer is. Waar alkohol 'n rol speel, dra dit grootliks by tot die pleeg van misdaad. Sommige deelnemers voel negatief oor misdaad en meen daar is nie 'n oplossing daarvoor nie. Mense steel en aanranding vind plaas, maar min ander misdade kom voor.

Hulle is soms baie ontkennend oor misdaad en praat besonder moeilik daaroor. Hulle wil nie graag betrokke raak by aspekte van misdaad of misdaadvoorkoming nie.

In die huishoudings is die vader of manlike figuur meestal afwesig. Sommige deelnemers is onseker oor wat mense motiveer om misdaad te pleeg en die meerderheid is van mening dat oortreders gevangenisstraf opgelê moet word. Misdaad moet stopgesit word en vroue moet beskerm word.

Etlike van die deelnemers is ook deur 'n verkragting en mishandeling geraak. Van die deelnemers word dikwels aan misdaad en aanrandings blootgestel. In sekere gebiede kom misdaadpleging meer voor as in ander. Die misdaadsyfer in die armste gebiede was ook laer omdat daar nie veel besittings in huishoudings is wat gesteel kan word nie. Sodoende beskerm dit dan ook die gemeenskap en tree hulle baie ondersteunend teenoor mekaar op.

In hierdie gebiede kan die gemeenskap egter ook bang wees vir intimidasie, en dit kan daartoe lei dat moontlike voorkomingstrategieë ten opsigte van misdaad dalk nie hulle volle potensiaal bereik nie.

## 14. GEVOLGTREKKING

Bepaalde sterktes kon in die gemeenskap geïdentifiseer word, insluitend die volgende:

- Onderlinge ondersteuning binne die gemeenskappe;
- Groot gesinne, wat onderlinge ondersteuning versterk.

Die gemeenskappe wat deel uitgemaak het van die ondersoek is nie self werklik baie aan misdaad blootgestel nie. Hulle is wel bewus van misdade wat gepleeg word, maar wil gewoonlik nie betrokke raak by die misdadige gedrag van ander persone nie. Die twee misdade wat die meeste in die gemeenskap voorkom, is diefstal en aanrandings.

Nog 'n sterk punt is dat die deelnemers tog meen dat die oortreders steeds gevangenisstraf moet uitdien en andersins dat die doodstraf heringestel moet word omdat dit volgens hulle 'n meer effektiewe afskrikmiddel is, aangesien die gevangenis as 'n aangename plek voorgestel word waar oortreders baie regte het en goed behandel word.

'n Swakheid van die gemeenskap is dat hulle byvoorbeeld glo dat iemand nie 'n krimineel is as hy nie gevang word nie.

'n Verdere swakheid is die strawwe alkoholmisbruik wat onder veral die mans voorkom en aanleiding
gee tot aanrandings en verkragtings op die vroue.

Die jonger lede van die gemeenskap is meer geneig om bewus te wees van wat in die omgewing plaasvind rakende misdaad, as die ouer persone.

Die misdaadsyfer is hier ook duidelik laer as in ander gemeenskappe. Dit is waarskynlik as gevolg van die armoede wat hier heers. Daar is nie 'n rede om by ander te steel nie, aangesien hulle net so min besit as die persone wat in hul omgewing woon.

Daar kon vasgestel word dat 'n toename in misdaad wel oor die afgelope vyf (5) jaar voorgekom het.

Uit die navorsing het dit geblyk dat misdaadpleging in hierdie gebiede laer is as dié wat in die algemeen beskikbare statistiek gerapporteer is. Die inherente sterktes van die onderskeie gemeenskappe wat die misdaadsyfer verlaag, is ondersoek.

Die onderskeie gesinne word bestuur deur vroue wat gedurende die week alleen vir die gesin sorg terwyl die mansfigure óf geheel en al afwesig is óf slegs naweke terugkeer na hul tuistes. Kinders in die gesinne is dikwels getraumatiseer vanweë huweliksgeweld.

Die meeste gemeenskappe in hierdie distrik het nie elektrisiteit of water in hul huishouding of woonplek nie, en is baie armoedig.

Die persepsies van agtergeblewe gemeenskappe rakende misdaad is geëvalueer. Hierdie persepsies moet beskou word teen die agtergrond dat die betrokke gemeenskappe moontlik oningelig is ten opsigte van misdaad of dat hulle beïnvloed is deur persoonlike gevoelens en ervarings.

Ander positiewe aspekte wat in die spesifieke gemeenskappe waargeneem is, is dat die mans gedurende die week afwesig is en minder aanrandings gevolglik gedurende die week op die vroue plaasvind. Verder is gevind dat die kinders vanaf graad 8 nie by hulle huise of ouers woonagtig is nie, maar dat hulle in die dorp skoolgaan. Die gemeenskap se inwoners tree besonder ondersteunend teenoor mekaar op. Almal is ewe arm en het min besittings, wat dus daartoe lei dat daar nie onderling gesteel word nie. Aangesien die gemeenskappe so klein is, sal misdadigers ook makliker betrap word.

Die afleiding kan gemaak word dat misdaadstatistiek van provinsie tot provinsie verskil, en eweneens dat inherente sterktes van gemeenskap tot gemeenskap sal verskil.

## 15. AANBEVELINGS

Soos in die gevolgtrekking bevind is, is die uitbouing van sterktes een van die aspekte wat duidelik sal kan bydra tot die verlaging van misdaad. Met die oog daarop om die gemeenskap in hul unieke omstandighede te ondersteun en misdaad te voorkom, word die volgende aanbevelings gemaak:

Daar behoort op hierdie sterktes wat in die gemeenskappe teenwoordig is, gefokus te word.

Strawwer vonnisse behoort opgelê te word om misdaad te bekamp.

Polisiebetrokkenheid by die gemeenskap moet aangemoedig word.

Daadwerklike pogings moet aangewend word om drankmisbruik oor naweke te beperk, en kinders wat in die week in die dorp skoolgaan, moet sover moontlik in staat gestel word om naweke tuis deur te bring om gesonde gesinsfunksionering te bevorder.

Die man se status as hoof van die huishouding moet beklemtoon word sodat gesagsposisies herstel kan word.

Water- en elektrisiteitvoorsiening sal ook daartoe bydra dat inwoners in hierdie gebiede meer menswaardig kan lewe.

Gemeenskapsopvoeding en bemagtiging behoort plaas te vind sodat hulle ingeligte besluite kan neem oor sake wat hul lewe direk raak.

Die gemeenskap moet aangemoedig word om hulle ondersteuningstelsel tot voordeel van misdaadvoorkoming te benut.

Die gemeenskap moet met die polisie saamwerk ten opsigte van die voorkoming van misdaad, en veral die jonger lede van die gemeenskap moet groter verantwoordelikheid vir misdaadvoorkoming aanvaar.

Die herinstel van die doodstraf as vonnisopsie vir ernstige en gewelddadige misdade moet heroorweeg word.

Die gemeenskap moet opvoeding ontvang ten opsigte van misdaadpleging en ook met betrekking tot die aard, oorsake en gevolge van kriminaliteit sodat hulle toenemend betrokke kan raak en mede-verantwoordelikheid kan aanvaar vir misdaadvoorkoming.

Waar getraumatiseerde kinders in huisgesinne is as gevolg van aanrandings op moeders of hulle self, behoort hulp beskikbaar gestel te word in die vorm van berading en mediese dienste.

## 16. SAMEVATTING

Uit die navorsing is bevind dat 'n toename in bepaalde soorte misdaad steeds voorkom. Geografiese ligging speel 'n beduidende rol in die tipe misdaad wat in 'n spesifieke gemeenskap gepleeg word. In die Kuruman-distrik is daar byvoorbeeld baie min voorvalle van motorkapings wat weer aan die orde van die dag is in gebiede soos Gauteng. Die gemeenskappe wat by hierdie ondersoek betrek is, is oorwegend aan gewelddadige misdade soos aanrandings en gesinsgeweld blootgestel. Deelnemers is van mening dat strawwer vonnisse opgelê moet word om misdaad te bekamp. Daar is selfs 'n sterk aanbeveling dat die doodstraf en lyfstraf weer as vonnisopsies oorweeg moet word. Die hoofoorsake van misdaad blyk armoede, werkloosheid en alkoholmisbruik te wees. Verhoogde polisiebetrokkenheid en groter verantwoordelikheid-aanvaarding deur die gemeenskap kan tot misdaadvoorkoming bydra.

## 17. BIBLIOGRAFIE

ANON. 2002a. Public Perceptions of Policing in the SAPS' Priority Areas. Note Everybody's Business Community Policing in the SAPS" Priority Areas. Published in Monograph No 71, March 2002.

ANON. 2002b. Women and Crime. Women's Experience of Crime and Safety in Victoria. Department of Justice: Victoria: Australia. (http://www.justice.vic.gov.au /CA2569020010922A/page/Safety-Community+Safety-W...)

ANON. 2003a. Crime: Police figures inaccurate, says the Institute for Security Studies (ISS). (http://www.griffithsonline.co.za/newsletter/aug2003/crime.htm)

ANON. 2003b. NEWS 24.com. Rape figures hit 9-year low. Suid Afrika: 22 September 2003. (http://www.news24.com/News24/South_Africa/news/0,,2-7-1442_1419794,00.html)

ANON. 2003c. Pick 'n Pay. Crime. What is Crime? 19 Augustus 2003. (http://www.picknpay.co.za/pnp/view/pnp/en/page9660?oid=9043&sn=detail)

ANON. 2003d. State of the South West - Crime Tables. Crime. British Crime Survey. 2002/2003. UK. Chapter 9. (http://www.swo.org.uk/State of the South

ANON. 2005a. High SA crime 'a perception': News24.com. 23 April 2005. (http://www.news24.com/News24/South Africa/News/0,,2-7-1442_1694472,00.html)

ANON. 2005b. War against crime far from won. *Mail&Guardian online*. Kaapstad. Dinsdag, 4 Oktober 2005. (http://www.mg.co.za/articlePage.aspx/articleid=251630&area=/breaking_news/breaking_ne...)

ANON. 2005c. Polling report.Com: Crime. April 21-24.
(http://www.pollingreport.com/crime.htm.)

ANON. 2005d. Crime Statistics. Crime in the RSA per Police Area for April to March 2001/2002 to 2004/2005: Crime information analysis centre - South African Police Service. (http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2005/crime_stats.htm)

ANON. 2005e. Key crime & Justice Facts at a Glance. Bureau of Justice Statistics.
(http://www.ojp.usdoj.gov/bjs/glance.htm)

Bezuidenhout, F.J. 2002. A reader on selected social issues. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Corey.G., Corey, M.S. & Callanan, P. 1993. Issues and ethics in the helping professions. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

De la Rey, C., Duncon, N., Shefer, T. & Van Niekerk, A. 1997. Contemporary issues in human development: A South African Focus. Durban: Thomson Publishing.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. Research at grass roots: for the social services and human service professions. Pretoria: Van Schaiks.

Dissel, A. 1999. Children Serving Jail Sentence: A profile on children sentenced to prison. August 1999.

Geyer, L.S. 2003. Maatskaplike groepwerk aan alkoholafhanklike bejaardes ooreenkomstig die sterkteperspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - MA(MW)) 276 p.

Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. Research in social work: a primer. Itasca: F.E. Peacock Publishers.

Hammond, P. 2003. GETTING AWAY WITH MURDER. Victims Against Crime. Volume 3. 2003. (http://www.christianaction.org.za/firearmnews/2003-3_gettingaway.htm)

Leggett, T. 2002. IMPROVED CRIME REPORTING: Is South Africa's crime wave a statistical illusion? Published in SA Crime Quarterly No 1, July 2002. (http://www.iss.co.za/Pubs/CrimeQ/No.1/2Leggett.html)

Leggett, T. 2004. WHAT'S UP IN THE CAPE? Crime rates in Western and Northern Cape province. Institute for Security Studies. *SA Crime Quarterly* No 7, March 2004, p15-20.

Louw, A. & Shaw, M. 1997. The impact of crime on South Africa's poor. ISS Monograph Series No. 14, July 1997.

Maroga, M. 2004. Sector Policing: What are the challenges? Centre for the Study of Violence and Reconciliation. Februarie 2004. (http://www.csvr.org.za/papers/papmaro.htm)

Monette, D.R., Sillivan, T.J. & De Jong, C.R. 2005. Applied social research: A tool for the Human Services. London: Thomson Brooks-/Brooks Cole.

Moolman, N. 2000. Preparations towards the development of a crime-prevention strategy for local government. Department of Criminology: University of the North. *Acta Criminologica* Vol 13(3) 2000. p. 32-37.

Naudé, C.M.B. 1989. Benaderings tot misdaadvoorkoming. (*In* Naudé, C.M.B. & Stevens, R., *reds*. Misdaadvoorkomingstrategieë. Pretoria: HAUM).

Naudé, C.M.B. 1997. ARMOEDE EN MISDAAD. November 1997. (http://general.rau.ac.za/aambeeld/november1997/armoede.htm)

Neuman, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn and Bacon.

Nomoyi, C. 2000. The incidence of violent crime in the rural areas in South Africa: A challenge to indigenous institutions?: Department of Criminology: University of Pretoria: *Acta Criminologica.* Vol 13(1) 2000. p. 66-71.

Pienaar, A.E. 2005. Social-motor Empowerment of families in impoverished circumstances: Thusano Project. April 2004. p. 1-6.

Raubenheimer, C. & De Lange, L. 2005. Misdaad in SA daal. *Volksblad*: News24.com. 22/09/2005. (http://www.news24.com/Die_Volksblad/Nuus/0,,5-83_1804333,00.html)

Rubin, A. & Babbie, E. 2001. Research methods for social work. London: Wadsworth. Thomson Learning.

Ryke, E.H. 2004. The social niche of form dwellers: A social work strengths approach. Pochefstroom: North-West University. (Proefskrif - Phd.) 147p.

Saleeby, D. 2002. The strengths perspective: possibilities and problems. (*In* Saleeby, D., ed. The strengths perspective in social work practice. 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon.

Steyn, M.M. 2004. 'n Maatskaplikewerkmodel vir ondersteuningsdienste aan misdaad-geaffekteerdes in die Noordwes-provinsie. Potchestroom: Noordwes Universiteit. (Proefskrif - Phd.) 157p.

Strydom, H. 1996. Deelnemende waarneming as prosedure in maatskaplikewerk-navorsing. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 32(2): 123-136.

Zastrow, C. 2004. Introduction to social work and social welfare: Empowering people. United States: Thomson. Brooks/Cole.

BYLAAG 1

Questionnaire: Perceptions on crime THUSANO PROJECT

| Number | | | |
|---|---|---|---|

**QUESTIONNAIRE TO ASCERTAIN THE PERCEPTIONS OF PEOPLE ON CRIME IN THEIR COMMUNITY**

**SECTION 1: IDENTIFYING PARTICULARS**

1.1 Sex of respondent

| Male | | Female | |
|---|---|---|---|

1.2 Age of respondent at last birthday

| | Year |
|---|---|

1.3 Married

| Yes | | No | |
|---|---|---|---|

1.4 Number of children

| | |
|---|---|

1.5 Number of people sharing household

| | |
|---|---|

## SECTION 2: EXPERIENCE OF CRIME

| 2.1 | Has your household been a victim of crime in the past 5 years | Yes | No |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Detainment | 1 | 2 |
| 2.1.2 | Armed robbery | 1 | 2 |
| 2.1.3 | Violent attacks | 1 | 2 |
| 2.1.4 | Murder | 1 | 2 |
| 2.1.5 | Vehicle hijacking | 1 | 2 |
| 2.1.6 | House breaking | 1 | 2 |
| 2.1.7 | Theft | 1 | 2 |
| 2.1.8 | Rape | 1 | 2 |
| 2.1.9 | Women abuse | 1 | 2 |
| 2.1.10 | Child abuse | 1 | 2 |
| 2.1.11 | Other | 1 | 2 |

If other,name

____________________________________________________________

| 2.2 | Do you know of a friend or relative that had been a victim of crime in the past 5 years? | Yes | No |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Detainment | 1 | 2 |
| 2.2.2 | Armed robbery | 1 | 2 |
| 2.2.3 | Violent attacks | 1 | 2 |
| 2.2.4 | Murder | 1 | 2 |
| 2.2.5 | Vehicle hijacking | 1 | 2 |
| 2.2.6 | House breaking | 1 | 2 |
| 2.2.7 | Theft | 1 | 2 |
| 2.2.8 | Rape | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.2.9 | Women abuse | 1 | 2 |
| 2.2.10 | Child abuse | 1 | 2 |
| 2.2.11 | Other | 1 | 2 |

If other, name

______________________________________________

2.3 Do you think that crime in your area has increased during the past five years?

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Definitely yes | 1 | Yes | 2 | Uncertain | 3 | No | 4 | Definitely | 5 |

2.4 What type of crime occurs most?

______________________________________________

______________________________________________

**SECTION 3: ATTITUDES TOWARDS CRIME**

3.1 Name the main cause of crime in South Africa.

______________________________________________

______________________________________________

3.2 Give your opinion on the following statements (by marking yes, uncertain or no, at each category)

| | | Yes | Uncertain | No |
|---|---|---|---|---|
| 3.2.1 | Poverty is the main cause of crime. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.2 | People are born criminals. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.3 | Many opportunities for crime are available. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.4 | People do crime because they are bored. | 1 | 2 | 3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.2.5 | People do crime because they have no jobs. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.6 | People do crime because they have no future perspective. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.7 | People do crime only to harm other people. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.8 | All kinds of crime must be regarded as eqully serious | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.9 | If you are not caught, you are not a criminal. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.10 | People do crime to see whether they can get away with it. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.11 | Some people will and others will not steel, whatever their circumstances. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.12 | Some people steel to get into jail. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.13 | Some people steel to get noticed by others. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.14 | Criminals are too lazy to work. | 1 | 2 | 3 |
| 3.2.15 | It is easier to do crime than to work for a living. | 1 | 2 | 3 |

3.3 What can be done to decrease the crime rate?

| | | Yes | Uncertain | No |
|---|---|---|---|---|
| 3.3.1 | Let them pay back. | 1 | 2 | 3 |
| 3.3.2 | Send them to jail. | 1 | 2 | 3 |
| 3.3.3 | Death penalty. | 1 | 2 | 3 |
| 3.3.4 | Create job opportunities. | 1 | 2 | 3 |
| 3.3.5 | Whipping. | 1 | 2 | 3 |
| 3.3.6 | Other | 1 | 2 | 3 |

If other, name

_______________________________________________

**SECTION 4: GENERAL**

4.1 Any other remarks of participants

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4.2 Observations of researcher

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________